higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS L2

8 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENERS MOET EIE INISIATIEF GEBRUIK NASIEN.

VRAAG 1

1.1 1.1.1 **Logika** is 'n redeneringsmetode wat 'n reeks stellings behels, wat elkeen waar moet wees as die vorige stelling waar is.

OF

Logika is die manier van dink en redeneer oor dinge wat kenmerkend van 'n spesifieke soort persoon of spesifieke aktiwiteitsgebied is. (1 × 2) (2)

1.1.2 Om logies te dink, beteken om in stappe te dink. Logiese denkvaardighede beteken die gebruik van logika in jou denkproses wanneer 'n probleem ontleed word om met 'n oplossing vorendag te kom. (1 × 2) (2)

1.2 A: EN-HEK
B: OF-HEK (2)

1.3

Hek A		
X	Y	Z
0	0	0
0	1	0
1	0	0
1	1	1

✓ ✓ ✓

Hek B		
X	Y	Z
0	0	0
0	1	1
1	0	1
1	1	1


✓ ✓ ✓

(3 × 2) (6)

1.4 A: X × Y = Z✓✓


B: X + Y = Z✓✓ (2 × 2) (4)

1.5




(4 × 1) (4)

1.6



(6 × 1) (6)

1.7



(4 × 1) (4)
[30]

VRAAG 2

2.1
- Sensors
- Sleutelborde
- Muise
- Skandeerders
- Kameras

(Enige 3 × 1) (3)


2.2
- Industriële robotstelsels
- Masjiengereedskap vir rekenaar- numeriese beheer ("CNC")
- Monitors
- Drukkers
- Grafiekstippers ("Plotters")

(Enige 3 × 1) (3)

2.3
- Geoutomatiseerde vervoerbande
- Industriële robottoepassings
- Masjiengereedskap vir rekenaar- numeriese beheer

(Enige 3 × 1) (3)

2.4



(8 × 1) (8)

2.5 **Verwerking** is 'n reeks aksies (stappe) wat gedoen word om 'n gewenste resultaat te verkry.

Beheer is die vermoë om besluite te neem oor die manier waarop iets bestuur of gedoen moet word. (4)
(2 × 2)

2.6



Nasiener sien na goeddunke na

(4 × 1) (4)
[25]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Leë monitorskerm:

- Kontroleer die toevoer na die monitor.
- Kyk of daar 'n verbindingsprobleem tussen die monitor en die rekenaar is.
- Kyk of die monitor nie stukkend is nie. (3 × 1) (3)

3.1.2 Stel die kragbestuurverstellings op die instelling vir die basiese inset-/uitsetstelsel ("BIOS"). (1)

3.2

- Vind die lêer wat jy benodig.
- Regsklik daarop.
- Kies "copy".
- Gaan na die plek waar jy die lêer wil plaas.
- Regsklik weer daarop.
- Klik "paste".

OF

- Vind die lêer wat jy benodig.
- Regsklik daarop.
- Kies "send to".
- Kies die bestemming. (Enige 4 × 1 in dieselfde groep) (4)

3.3

- Verwyder tydelike internetlêers.
- Verwyder afgelaaide programlêers.
- Maak die herwinblik skoon.
- Verwyder tydelike Windows-lêers.
- Verwyder opsionele Windows-komponente wat jy nie gebruik nie.
- Verwyder geïnstalleerde programme wat jy nie meer gebruik nie.
- Druk lêers saam wat vir 'n vasgestelde tyd nie gebruik is nie.

(Enige 4 × 1) (4)

3.4 3.4.1

- Papier is klaar
- Ink is klaar
- Los kabelverbinding

- Geen krag nie – foutiewe prop, kabel of skakelaar (4 × 1) (4)

3.4.2
- Sit nog papier in die papierlaai.
- Vervang die inkhouer.
- Verstel en verstewig die koppeling.
- Herstel die krag deur foutiewe prop, kabel of skakelaar te herstel. (4 × 1) (4)

3.5 **Hitte:** ’n Rekenaar sal swakker werk teen ’n hoë temperatuur.✓

Stof: Veroorsaak slytasie op die sensitiefste dele van die moederbord, geheue en SVE.✓

Magnete: Is skadelik vir die rekenaar. As jy data van die hardeskyfaandrywers op ’n magnetiese band stoor en die band word aan ’n magneet blootgestel, kan jy moontlik al die data oorskryf en die band permanent beskadig.

OF

As die magnetiese laag van die katode-straalbuis (“CRT”) aan ’n magneet blootgestel word, sal dit die kleure en beeld wat vertoon word permanent verander.✓ (Enige EEN)

Kragstuwings: Brand rekenaarkomponente uit en brand dele van die bedrading op die moederbord.✓

Elektrostatika: Beskadig die elektroniese komponente in jou rekenaar.✓

(5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 4

4.1 Stap 1: Klik op die Microsoft Office-knoppie en kies “open”.
Stap 2: Kies die lêer wat jy wil oopmaak op die kieslys.
Stap 3: Klik op “open”. (3 × 1) (3)

4.2
- Bemarking van produkte
- Demonstrasies van produkte
- Opleiding van werknemers en werkers
- Vertoon van kaarte of tabelle wat verkoopsyfers, wins, markaandele of ander finansiële of statistiese syfers aantoon
- Aanbieding van lesings en lesse
- Aanbieding van idees in ’n dinkskrum-sessie
- Skep van sertifikate
- Aanbieding van ’n sake- of bemarkingsplan
- Aanbieding van ’n missiestelling
- Konferensies, seminare, ens. (Enige 1 × 1) (1)

4.3
- Programmeerbare logikabeheerder-toepassingsagteware
- Industriële robot-toepassingsagteware
- Rekenaar- numeriese beheer-toepassingsagteware (3 × 1) (3)

4.4 Stap 1: Klik op die Microsoft Office Word “help”-knoppie of
Stap 2: Druk die F1-sleutel.
Stap 3: Klik op die “Browse Word Help”-sleutelwoorde of voeg jou eie sleutelwoorde in die soekveld. (3 × 1) (3)
[10]

VRAAG 5

5.1 E-posse is belangrik vir die megatroniese persoon wanneer daar met megatroniese geoutomatiseerde toepassings gewerk word, aangesien die stelsel-log na verskeie megatroniese stelselverskaffers ge-e-pos kan word wanneer ’n fout voorkom. Die foute word dan ontleed en ’n oplossing word per e-pos gestuur. (1 × 2) (2)

5.2 5.2.1 ISP – “internet service provider” (internetdiensverskaffer) (1)

5.2.2 www – World Wide Web (1)

5.2.3 http – “hypertext transport protocol” (hipterteks-oordragprotokol) (1)

5.3
- bbyte – gebruikersnaam
- telkomsa – ISP-domein
- .net – identifiseerder vir land, handel, ens. (3 × 1) (3)

5.4
- Bing
- Google Chrome
- Yahoo
- Google.com (Enige 2 × 1) (2)

[10]

TOTAAL: 100